SLEGS VIR DIEREGEBRUIK

# MAXITET 13,5%

Reg. Nr. G3586 Wet 36/1947
NS0 V05/17.1.2/295 Wet 13/2003

## LANG- EN KORTWERKENDE OKSITETRASIKLIEN INSPUITING.

**BERGINGSAANWYSINGS**
Bewaar in 'n koel, donker plek.

**SAMESTELLING**
'n Steriele, stabiele oplossing van oksitetrasiklien wat die ekwivalent van oksitetrasiklienhidrochloried 135 mg / mℓ (as die magnesiumkompleks) bevat.

**AANDUIDINGS**
Vir die behandeling van hartwater, bosluisoorgedraagde galsiekte (Anaplasmose), longontsteking, naelstringontsteking, septiese gewrigsonsteking en vrotpootjie by vee en nuwesiekte by perde.

**WAARSKUWINGS**
**Langwerkende- en kortwerkende dosis**

- BEHANDELDE DIERE MOENIE BINNE 28 DAE NA LAASTE BEHANDELING VIR MENSLIKE VERBRUIK GESLAG WORD NIE.
- MELK VAN BEHANDELDE KOEIE MOENIE VIR MENSLIKE VERBRUIK BINNE 7 DAE NA BEHANDELING GEBRUIK WORD NIE.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Alhoewel hierdie middel breedvoerig onder 'n wye verskydenheid van toestande getoets is, mag dit faal as gevolg van verskeie redes. Indien dit vermoed word, raadpleeg 'n veearts en verwittig die registrasiehouer.

**GEBRUIKSAANYSINGS** – GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI
**Toediening**
Binnespierse, onderhuidse of binneaarse inspuiting. Wanneer daar binnespiers gespuit word, moet slegs die middelnekareas gebruik word vir inspuiting met 'n naald van nie langer as 30 mm nie. Moet nie meer as 20 mℓ op 'n plek spuit nie. Masseer die inspuitplek om opname te bevorder en swelling te verminder. In die geval van binneaarse inspuiting moet die inspuiting stadig toegedien word en moet dit tydelik onderbreek word indien daar enige tekens van ongemak ontstaan. DIE LANGWERKENDE DOSIS MAG SLEGS BINNESPIERS TOEGEDIEN WORD.

**Dosis en Aanduidings: Normale Gebruik**

| Dier | Siekte | Dosis |
|---|---|---|
| Beeste | Hartwater en bosluisoorgedraagde galsiekte (Anaplasmose) | 8 mℓ / 100 kg liggaamsmassa daagliks vir 3 dae. |
| | Longontsteking, naelstringontsteking, vrotpootjie, septiese gewrigsontsteking | 8 mℓ / 100 kg liggaamsmassa daagliks vir 3 dae. |
| Perde | Vrotpootjie, naelstringontsteking, septiese gewrigsontsteking, longontsteking, nuwesiekte | 8 mℓ / 100 kg liggaamsmassa daagliks vir 3 dae. |
| Skape en bokke | Hartwater | 4 mℓ / 50 kg liggaamsmassa daagliks vir 3 dae. |
| | Vrotpootjie, longontsteking, naelstringontsteking, septiese gewrigsontsteking | 4 mℓ / 50 kg liggaamsmassa daagliks vir 3 dae. |
| Varke | Vrotpootjie en longontsteking | 2 mℓ / 30 kg liggaamsmassa daagliks vir 3 dae. |

**Dosis en Aanduidings: Langwerkende Gebruik (Wanneer 'n hoër doeltreffendheid asook 'n langer werking benodig word)**

| Dier | Siekte | Dosis |
|---|---|---|
| Beeste | Hartwater en bosluisoorgedraagde galsiekte (Anaplasmose) | 16 mℓ / 100 kg liggaamsmassa. Herhaal na 3 dae indien nodig. |
| | Longontsteking, naelstringontsteking, vrotpootjie, septiese gewrigsontsteking | 16 mℓ / 100 kg liggaamsmassa. Herhaal na 3 dae indien nodig. |
| Skape en bokke | Hartwater | 8 mℓ / 50 kg liggaamsmassa. Herhaal na 3 dae indien nodig. |
| | Vrotpootjie, longontsteking, naelstringontsteking, septiese gewrigsontsteking | 8 mℓ / 50 kg liggaamsmassa. Herhaal na 3 dae indien nodig. |

**L.W.** Vir vinnige herstel is 'n spoedige en akkurate diagnose noodsaaklik. Dit is dus altyd raadsaam om u veearts vir 'n korrekte diagnose te raadpleeg.

Botswana Listing No.: BV2100290/A/B/C/D
Category of Distribution: VPS

KYRON

***Registrasiehouer:** Kyron Animal Health (Edms) Bpk., Reg. Nr. 2004/021847/07, Eenheid 45C, 45 Parkview Straat, Highway Business Park, Rooihuiskraal Uitbr. 31, Centurion, 0157, Suid Afrika, Tel: 0861 247 463.*

KAH/INS105/2023/2